

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA.



## BUITENGEWONE OFFISIËLE KOERANT

UITGAWE OP GESAG.

VAN SUIDWES-AFRIKA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

W- Tuesday, 3rd June, 1952.

WINDHOEK

Dinsdag, 3 Junie 1952.

No. 1685.

### CONTENTS

#### GOVERNMENT NOTICES—

	Page
No. 1155 (Union). Cancellation of Rebates of Duty granted in terms of the Customs Act, 1944.	2956
No. 167. Postal Regulations: Telegraph Rates.	2957
No. 168. Savings Bank Regulations: Amendment of.	2958
No. 169. Money Order Regulations: Amendment of.	2958
No. 170. Prices of Dairy Produce.	2959

### INHOUD

#### GOEWERMENSKENNISGEWINGS—

	Bladsy
No. 1155 (Unic). Skrapping van Kortings van Doeanereg toegestaan ingevolge die Doeanewet 1944.	2956
No. 167. Posregulasies: Telegraafartiewe.	2957
No. 168. Spaarbankregulasies: Wysiging van.	2958
No. 169. Poswisselregulasies: Wysiging van.	2958
No. 170. Pryse van Suivelprodukte.	2959

### Government Notices.

### Goewermentskennisgewings.

The following Government Notices are published for general information.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. NESER,  
Secretary for South West Africa.

J. NESER,  
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Administrator's Office,  
Windhoek.

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

No. 1155 (Union).] [30th May, 1952.

No. 1155 (Unic).] [30 Mei 1952.

CANCELLATION OF REBATES OF DUTY GRANTED IN TERMS OF THE CUSTOMS ACT, No. 35 OF 1944.—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE No. 2069 OF THE 8th DECEMBER, 1944, AS AMENDED.

SKRAPPING VAN KORTINGS VAN DOEANEREG TOEGESTAAN INGEVOLGE DIE DOEANEWET, No. 35 VAN 1944.—WYSIGING VAN GOEWERMENSKENNISGEWING No. 2069 VAN 8 DESEMBER 1944, SOOS GEWYSIG.

I, NICOLAAS CHRISTIAAN HAVENGA, Minister of Finance, in terms of the powers vested in me by sub-section (2) (d) of section ninety-six of the Customs Act, No. 35 of 1944, hereby amend Government Notice No. 2069 of the 8th December, 1944, as amended, by deleting the following sub-paragraphs from paragraph 1 of Part IV of the Schedule to the said Notice:—

Ek, NICOLAAS CHRISTIAAN HAVENGA, Minister van Finansies, wysig hierby, kragtens die bevoegdheid my verleen by sub-artikel (2) (d) van artikel ses-en-negentig van die Doeanewet, No. 35 van 1944, Goewermentskennisgewing No. 2069 van 8 Desember 1944, soos gewysig, deur die volgende sub-paragrafe van paragraaf 1 van Deel IV van die Bylae van genoemde Kennisgewing, te skrap:—

- (1) Fruit and Vegetable Products Manufacturing Industry.—Cherries, preserved, not crystallised, for use as an ingredient in canned fruit salad for export.
- (2) Brickmaking Industry.—Calcined magnesite for the manufacture of magnesite bricks.
- (6) Copper Smelting Industry.—Coke.
- (7) Grape-jelly Manufacturing Industry.—Powdered pectin for the manufacture of jelly from grape concentrate.
- (8) Soap Manufacturing Industry.—Hardened crude groundnut oil.
- (10) Dichloro-Diphenyl Trichlorethane (D.D.T. Concentrate) Manufacturing Industry.—Benzol.
- (14) Bag-making Industry.—Wrapping paper (plain) for use in the manufacture of bags consisting of cotton and paper.
- (17) Bensenehexachloride Concentrate Manufacturing Industry.—Benzol.

- (1) Nywerheid vir die vervaardiging van vrugte- en groenteprodukte.—Gepreserveerde kersies, nie gekristalliseer nie, vir gebruik as 'n bestanddeel van ingemaakte vrugtesalad vir uitvoer.
- (2) Baksteenvervaardigingsnywerheid.—Verkalkte magnesiet vir die vervaardiging van magnesietbalksteene.
- (6) Kopersneltbedryf.—Kooks.
- (7) Druivejellie-vervaardigingsnywerheid.—Pektien, in poeiervorm, vir die vervaardiging van jellie van druivekonsentraat.
- (8) Seepvervaardigingsnywerheid.—Verharde ru-grond-boontjieolie.
- (10) Nywerheid vir die vervaardiging van Dichloro-Difeniel Trichlooretaan (D.D.T. Konsentraat).—Benzol.
- (14) Sakvervaardigingsnywerheid.—Pakpapier (gewoon) vir gebruik by die vervaardiging van sakke bestaande uit katoen en papier.
- (17) Gekonsentreerde Bensienhexachloried-vervaardigingsnywerheid.—Benzol.

N. C. HAVENGA,  
Minister of Finance.

N. C. HAVENGA,  
Minister van Finansies.

CAPE TOWN, 1952.

KAAPSTAD, 1952.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section five of the Post Office Proclamation, 1931 (Proclamation No. 15 of 1931), to repeal the Telegraph Rates published under Government Notice No. 253 appearing in Official Gazette No. 1450 of the 7th September, 1949, as amended by Government Notice No. 145 appearing in Official Gazette No. 1508 of the 16th May, 1950, Government Notice No. 129 appearing in Official Gazette No. 1673 of the 1st May, 1952, and the substitution thereof of the sub-joined Telegraph Rates.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel vyf van die Posamministrasie-Proklamasie, 1931 (Proklamasie 15 van 1931), sy goedkeuring te lieg aan die herroeping van die Telegraaftariewe vervat in Goewermentskennisgewing 253 gepubliseer in Offisiële Koerant 1450 van 7 September 1949, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing 145 gepubliseer in Offisiële Koerant 1508 van 16 Mei 1950, Goewermentskennisgewing 129 gepubliseer in Offisiële Koerant 1673 van 1 Mei 1952, en die ver-vanging daarvan deur die ondergenoemde Telegraaf-tariewe.

## TELEGRAPH RATES.

Addressed to.	Ordinary (Plain and Secret Language) Telegramme.		Press Telegrams.			
	Rate per Word.	Minimum Charge.	Rate for every 8 Words.	Minimum Charge.	For the first 100 words or portion thereof.	For every additional 8 words or portion thereof.
	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.
1. * ∅ § Union of South Africa, South West Africa, Basuto-land and Swaziland . . . . .	0 1½	1 6	0 1½	1 6	1 6	0 1½
2. * § Southern Rhodesia and Bechuanaland Protectorate . . . . .	0 2½	2 6	0 2½	2 6	—	—
3. * § Northern Rhodesia . . . . .	0 4	2 6	0 4	2 6	—	—
4. * § Nyasaland Protectorate . . . . .	0 4½	2 6	0 4½	2 6	—	—
5. Belgian Congo and Ruanda Urundi Territory . . . . .	0 6½	3 6	0 6½	3 6	—	—
6. * § Portuguese East Africa (Colony of Mocambique)— (1) Districts of Lourenco Marques and Inhambane (2) Other offices (via Lourenco Marques) . . . . .	0 2½	2 6	0 2½	2 6	—	—
7. § + Tanganyika Territory (via Imperial) . . . . .	0 3½	2 6	0 3½	2 6	—	—
8. § + Kenya and Uganda (via Imperial) . . . . .	—	—	—	—	—	—
9. § Angola (including Cabinda) via Bulawayo, Leopoldville, Cabinda . . . . .	0 8½	4 6	0 8½	4 6	—	—
10. French Equatorial Africa . . . . .	0 7½	4 0	0 7½	4 0	—	—
11. French Cameroons . . . . .	2 7	15 6	2 7	15 6	—	—

NOTE.—Final fractions of a penny in the total charges are regarded as a penny.

∅ On Sundays, Good Friday and Christmas Day the Charge for Ordinary Telegrams and for Ordinary Press Telegrams shall be increased by 50%.

\*\* For parliamentary press telegrams handed in on Sundays, Good Friday, and Christmas Day the tariff is 2s. 3d. for the first 100 words or portion thereof and 2½d. for every additional 8 words or portion thereof.

+ These places are not served "via Imperial".

§ Urgent telegrams, which require the insertion of the chargeable indication — D — at the beginning of the address, are admitted. The Urgent rate is double the tariff quoted for Ordinary (plain and secret language).

\* Urgent press telegrams, which require the chargeable indication — D — at the beginning of the address, are admitted.

The charge for an Urgent press telegram is the same as for an Ordinary private telegram of the same length to the same destination.

The tariff of rates published under item 1 of the Telegraph Rates and the first and second footnotes thereto (∅ and \*\*) shall be deemed to have come into effect on the 1st May, 1952.

The tariff of rates appearing under 2 to 10 inclusive shall be deemed to have effect from the 1st June, 1952.

## TELEGRAAF-TARIEWE.

Geadresseer na.	Gewone Telegramme (in gewone en eeërtime taal)		Perstelegramme.			
	Tarief per woord.	Minimum koste.	Tarief vir elke 8 woorde.	Minimum koste.	Vir die eerste 100 woorde of gedeelte daarvan.	Vir elke bykomende 8 woorde of gedeelte daarvan.
	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.
1. * ∅ § Unie van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika, Basoetoeland, Swaziland . . . . .	0 1½	1 6	0 1½	1 6	1 6	0 1½
2. * § Suid-Rhodesië en Betsjoanaland-protectoraat . . . . .	0 2½	2 6	0 2½	2 6	—	—
3. * § Noord-Rhodesië . . . . .	0 4	2 6	0 4	2 6	—	—
4. * § Niassaland-protectoraat . . . . .	0 4½	2 6	0 4½	2 6	—	—
5. * § Belgiese Kongo en Roeranda Oerendi-gebied Portugees-Oos-Afrika (Kolonie Mosambiek)— (1) Distrikte Lourenco Marques en Inhambane (2) Ander kantore (oor Lourenco Marques) . . . . .	0 2½	2 6	0 2½	2 6	—	—
6. * § + Tanganyika-gebied (via Imperial) . . . . .	0 3½	2 6	0 3½	2 6	—	—
7. § + Kenia en Oeganda (via Imperial) . . . . .	—	—	—	—	—	—
8. § Angola (met inbegrip van Cabinda) oor Bulawayo, Leopoldville, Cabinda . . . . .	0 8½	4 6	0 8½	4 6	—	—
9. Frans-Ekwatoriaal-Afrika . . . . .	0 7½	4 0	0 7½	4 0	—	—
11. Frans-Kameroon . . . . .	2 7	15 6	2 7	15 6	—	—

OPMERKING.—Breuke van 'n pennie in die totale koste word as 'n pennie beskou.

Op Sondag, Goede-Vrydag en Kersdag is die koste van gewone telegramme en gewone perstelegramme met 50% verhoog. Vir Parlementêre Perstelegramme op Sondag, Goede Vrydag en Kersdag ingelewer, is die tarief 2s. 3d. vir die eerste 100 woorde of gedeelte daarvan en 2/4d. vir elke bykomende 8 woorde of gedeelte daarvan.

† Hierdie plekke word nou „via Imperial” bedien.

‡ Dringende telegramme, wat van die betaalbare aanwysing — D — aan die begin van die adres voorsien moet word, word toegelaat. Die dringende tarief is dubbel die tarief gemeener vir gewone telegramme (in gewone en geheime taal).

\* Dringende perstelegramme, wat aan die betaalbare aanwysing — D — aan die begin van die adres moet bevat, word toegelaat. Die koste van 'n dringende perstelegram is dieselfde as dié van 'n gewone private telegram van dieselfde lengte na dieselfde bestemming.

Die tarief van koste vervat in item 1 van die Telegraafartiewe en die eerste en tweede voetnotes daarvan (Z en \*\*) word gegang in werking te getree het op 1 Mei 1952.

Die tariefkoste vervat in items 2 tot 10 insluitende word gegang in werking te getree het met ingang 1 Junie 1952.

No. 168.]

[3rd June, 1952.

No. 168.]

[3 Junie 1952.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section five of the Post Office Administration Proclamation, 1931 (Proclamation No. 15 of 1931), to approve of the under-mentioned amendment made by the Director to the Savings Bank Regulations published under Government Notice No. 252 appearing in Official Gazette No. 1450 of the 7th September, 1949.

#### AMENDMENT OF SAVINGS BANK REGULATIONS.

Schedule VIII to the Regulations is hereby amended by the deletion of the fee “1s. 0d.” appearing opposite item 5 and the substitution thereof of the fee “1s. 6d.”

This amendment shall be deemed to have come into effect on the 1st May, 1952.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel vyf van die Posadministrasie-Proklamasie, 1931 (Proklamasie 15 van 1931), sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysiging opgestel deur die Direkteur tot die Spaarbank-regulasies vervat in Goewermentskennisgewing 252 gepubliseer in Offisiële Koerant 1450 van 7 September 1949.

#### WYSIGING TOT SPAARBANKREGULASIES.

Bylae VIII tot die Regulasies word hierby gewysig deur die skrapping van die bedrag „1s. 0d.” wat teenoor item 5 verskyn en die vervanging daarvan deur die bedrag „1s. 6d.”

Hierdie wysiging word gegang om met ingang 1 Mei 1952 in werking te getree het.

No. 169.]

[3rd June, 1952.

No. 169.]

[3 Junie 1952.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section five of the Post Office Administration Proclamation, 1931 (Proclamation No. 15 of 1931), to approve of the following amendments to the Money Order Regulations published by Government Notice No. 30 appearing in Official Gazette No. 1608 of 2nd July, 1951.

#### AMENDMENTS TO MONEY ORDER REGULATIONS.

Schedule “B” to the said Regulations is hereby amended as follows:—

(a) the tariff charge “1s. 9d.” opposite item 6 is hereby deleted and substituted by the tariff charge “2s. 0d.”;

(b) the tariff charge “3s. 6d.” opposite item 7 is hereby deleted and substituted by the tariff charge “4s. 0d.”;

(c) the tariff charge “1s. 6d.” opposite item 8 is hereby deleted and substituted by the tariff charge “1s. 9d.”

The amendments shall be deemed to have come into effect on the 1st May, 1952.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel vyf van die Posadministrasie-Proklamasie, 1931 (Proklamasie 15 van 1931), sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysigings, opgestel deur die Direkteur, van die Poswisselregulasies vervat in Goewermentskennisgewing 30 gepubliseer in Offisiële Koerant 1608 van 2 Julie 1951.

#### WYSIGING VAN POSWISSELREGULASIES.

Bylae „B” tot die genoemde Regulasies word hierby gewysig as volg:—

(a) die tariefkoste „1s. 9d.” teenoor item 6 word hierby geskrap en vervang deur die tariefkoste „2s. 0d.”;

(b) die tariefkoste „3s. 6d.” teenoor item 7 word hierby geskrap en vervang deur die tariefkoste „4s. 0d.”;

(c) die tariefkoste „1s. 6d.” teenoor item 8 word hierby geskrap en vervang deur die tariefkoste „1s. 9d.”

Hierdie wysiging word gegang in werking te getree het met ingang 1 Mei 1952.

No. 170.]

[3rd June, 1952. No. 170.]

[3 Junie 1952.

## PRICES OF DAIRY PRODUCE.

In terms of section *eight* of the Dairy Industry Control Ordinance, 1931 (Ordinance No. 16 of 1931), as amended, I, ALBERTUS JOHANNES ROUX VAN RHIJN, Administrator of South West Africa, do hereby make known that the Dairy Industry Control Board has, in terms of paragraph (o) of sub-section (1) of section *eight* of the said Ordinance with my approval, fixed the prices of dairy produce to be those set out in the Schedule hereto, with effect of the second day of June, 1952.

Government Notice No. 88 of the 1st April, 1952, is hereby withdrawn.

## SCHEDULE.

## FACTORY CREAM PRICES.

1. No person shall acquire, sell or dispose of factory cream otherwise than on the basis of its butterfat content at a price other than—
  - (a) two shillings and seven and a halfpence per pound choice grade butterfat contained therein;
  - (b) two shillings and five and a half pence per pound table grade butterfat contained therein;
  - (c) two shillings and three and a half pence per pound household grade butterfat contained therein.

## FACTORY CHEESE MILK PRICES.

2. No person shall acquire, sell or dispose of cheese milk at a price other than—
 

sixteen and one half pence per gallon.

## PRYSE VAN SUIWELPRODUKTE.

Ingevolge artikel *agt* van die Ordonnansie op die Behoer van die Suiwelnywerheid 1931 (Ordonnansie 16 van 1951), soos gewysig, maak ek, ALBERTUS JOHANNES ROUX VAN RHIJN, Administrateur van Suidwes-Afrika, hierby bekend dat die Raad van Toesig op die Suiwelnywerheid, krugters paragraaf (o) van sub-artikel (1) van artikel *agt* van genoemde Ordonnansie met my goedkeuring die pryse van suiwelprodukte, soos in die bylae hiervan aangegee, vasgestel het, met ingang van die tweede dag van Junie 1952.

Goewermentskennisgewing 88 van 1 April 1952 word hierby ingetrek.

## BYLAE.

## FABRIEKSRROOMPRYSE.

1. Niemand mag fabrieksrroom verkry, of verhandel buiten op grond van die bottervetgchalte daarvan nie, en slegs teen—
  - (a) twee sjielings sewe en 'n half pennie per pond keurgraadbottervet wat dit bevat; of
  - (b) twee sjielings vyf en 'n half pennie per pond tafelgraadbottervet wat dit bevat; of
  - (c) twee sjielings drie en 'n half pennie per pond huisgraadbottervet wat dit bevat.

## FABRIEKSKAASMELKPRYSE.

2. Niemand mag kaasmelk verkry of verhandel nie buiten teen—
 

een sjieling vier en 'n half pennie per gelling.